# TLU SA JONGBOER VAN DIE JAAR 2024

## VEREISTES

**01** Die kandidaat moet 40 jaar of jonger wees wanneer die inskrywings sluit op 21 Junie 2024.

**02** Die kandidaat moet 'n opbetaalde lid van TLU SA wees.

**03** Die samestelling en omvang (grootte) van die kandidaat se onderneming is nie belangrik nie. Enige vee-, wild-, saai-, vrugte- of wingerdboer of kombinasie hiervan staan 'n kans om as wenner aangewys te word.

**04** Die paneel van beoordelaars sal alle finaliste op hul plase besoek.

**05** Die kandidaat kan op sy/haar eie boer of in vennootskap met andere. In laasgenoemde geval moet die kandidaat egter spesifieke toegedeelde verantwoordelikhede hanteer waarop hy/sy geëvalueer kan word.

**06** Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen redes of kommentaar sal aan kandidate verskaf word nie.

Die paneel van beoordelaars word saamgestel uit onpartydige landboukundiges uit spesifieke velde en sal 'n objektiewe wetenskaplike metode gebasseer op internasionale bestuurskriteria gebruik om die wenner aan te wys.

## BEOORDELINGSPROSES

### 1ste Rondte:

- Die sperdatum is 21 Junie 2024.
- Elke streek hanteer die 1ste rondte van die Jongboer Kompetisie en wys 3 (drie) finaliste aan wat deurdring na die Nasionale Jongboer Kompetisie.

### 2de Rondte:

- Streekfinaliste moet bereid wees om die nasionale beoordelingspan op hul plaas te ontvang en verskeie aspekte van hul boerderytegnieke uit te wys.
- Die plaasbesoeke sal tussen 15 – 19 Julie 2024 plaas vind. Finaliste sal deur die TLU SA hoofkantoor gekontak word om die datum van die besoek te reël.
- Die paneel beoordelaars sal tydens die besoek kyk na die finaliste se bestuursplan en finansiële sake van die boerdery. Finaliste moet sorg dra dat die jongste finansiële state van die boerdery tydens hierdie besoek beskikbaar is. Die state sal vertroulik hanteer word.
- Inskrywingsvorms word as vertroulik beskou en alle persoonlike dokumentasie sal nadat die wenner aangewys is deur die organiseerder vernietig word.
- Na afloop van die nasionale beoordeling word die 3 (drie) finaliste aangewys.
- Tydens die jaarlikse TLU SA Kongres word die wenner, naaswenner en derde plek bekend gemaak.



**MEET JOUSELF AAN DIE BESTES IN SA!**